| | | | |
|---|---|---|---|
| Verslagwaardig: | JA | / | NEE |
| Sirkuleer Aan Regters: | JA | / | NEE |
| Sirkuleer aan Streeklandroste | JA | / | NEE |
| Sirkuleer Aan Landdroste: | JA | / | NEE |

# IN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA
# (Noord-Kaapse Afdeling, Kimberley)

| | |
|---|---|
| Saakno: / Case number: | **CA & R 96/2016** |
| Datum verhoor: / Date heard: | **28 / 11 / 2016** |
| Datum gelewer: / Date delivered: | **09 / 12 / 2016** |

In die appèl van:

**WILHELMINA SUSANNA DE VILLIERS** Appellante

en

**DIE STAAT** Respondent

*Coram:* Olivier, R en Erasmus, WnR

## UITSPRAAK OP APPÈL

**Erasmus, WnR**

[1] Me De Villiers, die appellante, appelleer teen haar skuldigbevinding in die landdroshof te Upington aan 'n oortreding van Artikel 63(1) van die Nasionale Padverkeerswet, Nr 93 van 1996 ("die Wet"), te wete nalatige bestuur.

[2] Dit is gemene saak dat die appellante in die vroeë oggendure van 1 August 2012 te Schröderstraat, Upington in ‘n botsing betrokke was met ‘n Toyota Avanza voertuig van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (“die polisie-voertuig”), bestuur deur konstabel Abraham George Hendriks.

[3] Die enigste geskilpunt is of die appellante nalatig was deur ‘n U-draai te maak terwyl die polisievoertuig aankomend was in die teenoorgestelde baan.

[4] Dit is geyk dat nalatigheid bepaal moet word aan die hand van die redelike persoon-toets. Toepassing van die toets in die konteks van ‘n strafregtelike vervolging behels dat die staat bo redelike twyfel moes bewys dat die appellante versuim het om die graad van sorgvuldigheid en vaardigheid aan die dag te lê wat ‘n redelike persoon in die omstandighede sou gedoen het.[1] Alhoewel dit ‘n objektiewe toets is kan sekere kennis waaroor ‘n spesifieke persoon beskik in ag geneem word.[2]

[5] Die bewyslas wat op die staat gerus het, het geverg dat bo redelike twyfel bewys moes word dat die redelike persoon in dieselfde omstandighede as die appellante, die moontlikheid sou voorsien het dat sy/haar gedrag die botsing kon veroorsaak, hy/sy redelike stappe sou

[1] Rex v Meiring, 1927 AD 41; Bester v Commercial Union, 1973 (1) SA 769 (A)
[2] S v Van As 1967 (4) SA 594 (A) op 600B-C

geneem het om te waak daarteen en dan dat die appellante versuim het om daardie stappe te neem.[3]

[6] Daar moet ook in gedagte gehou word dat so 'n redelike persoon, soos beslis in **HERSCHEL v MARUPE**[4],

> "*...is not ... a timorous faintheart always in trepidation lest he or others suffers some injury; on the contrary, he ventures into the world, engages in affairs and takes reasonable chances. He takes reasonable precautions to protect his person and property and expects others to do likewise.*"

[7] In **S v BURGER**[5] is beskryf wat van die redelike persoon verwag word:

> *"One does not expect of a diligens paterfamilias any extremes such as Solomonic wisdom, prophetic foresight, chameleonic caution, headlong haste, nervous timidity, or the trained reflexes of a racing driver. In short, a diligens paterfamilias treads life's pathway with moderation and prudent common sense.*"

[8] Dit is teen hierdie agtergrond, in samehang met die faktore vermeld in artikel 63(3) van die Wet, wat die appellante se handeling opgeweeg moet word. Die faktore gelys in gemelde artikel sluit in die aard, toestand en gebruik van die openbare pad, hoeveel verkeer daar op die tersaaklike tydstip van die botsing op daardie pad was of redelikerwys sou kon gewees het, die snelheid waarteen en die wyse waarop die voertuig bestuur is.

---

[3] Jacobs & Another v Transnet Limited t/a Metrorail & Another, 2015 (1) SA 139 (HHA)
[4] 1954 (3) SA 464 (A) op 490F
[5] 1975 (4) SA 877 (A) op 879D-E

[9] Dit is gemeensaak dat die appellante van noord na suid en die polisievoertuig van suid na noord in Schröderstraat gery. Die kruising word nie beheer deur stopstrate of verkeersligte Schröderstraat nie en verkeer in beide rigtings van het reg van weg. Die appellante het gepoog om 'n U-draai by die kruising regoor Lützstraat te maak en voor die polisievoertuig beland. Die punt van botsing, soos gereflekteer op 'n sketsplan van die toneel, was ongeveer in die middel van die linkerbaan van die dubbelpad waarin die polisievoertuig gery het. Die skade aan die appellante se voertuig, soos blyk uit die fotoplan en getuienis, was op die linkerkant, op die gedeelte vanaf die voorwiel tot en met die voorste deur. Die skade aan die polisievoertuig was voor, op die neusgedeelte van die voertuig. Dit is verder gemeensaak dat die polisievoertuig 36.9 m vanaf die punt van botsing tot stilstand gekom het.

[10] Die deskundige wat namens die staat getuig het, konstabel Booysen, se getuienis was dat hy geen remmerke op die ongelukstoneel kon bespeur wat hy aan enigeen van die twee voertuie kon toeskryf nie. Volgens hom moes Hendriks vinnig gery het. Sy opinie was gebaseer op die afstand vanaf die punt van die botsing tot waar die polisievoertuig tot stilstand gekom het.

[11] Daar is geen getuienis deur die staat aangebied ten aansien van

11.1 die presiese spoed waarteen die polisievoertuig sou gery het nie,

11.2 of daar enige sigbare padtekens was wat byvoorbeeld ‘n U-draai sou verbied het in die area nie,

11.3 die sigbaarheid op die toneel en of die appellante se uitsig onbelemmerd was, en

11.4 die breedte van die pad waarin die appellante die U-draai uitgevoer het nie.

[12] Konstabel Hendriks het getuig dat hy die betrokke aand ‘n verkragting-slagoffer gaan oplaai het om haar hospitaal toe te neem. Alhoewel die passasier van Hendriks getuig het, was die appellant en respondent dit eens dat daar nie enigsins op haar getuienis staatgemaak kon word nie en word daar nie met haar getuienis gehandel nie.

[13] Die getuienis van konstabel Hendriks was dat, nadat hy die slagoffer opgelaai het, hy die polisievoertuig se noodligte (“hazards”) aangeskakel het. Hy het in Schröderstraat gery en die appellante se voertuig opgemerk. Hy het die indruk gekry dat die voertuig nie by die kruising gaan stop nie, maar het aanvaar dat sy aan hom voorrang sou verleen omdat hy ry-voorrang geniet het. Die appellante het nie gestop nie en voor

hom ingedraai. Hy het vanaf die regterbaan na die linkerbaan beweeg ten einde die ongeluk te vermy, sy voet van die petrolpedaal afgehaal en uiteindelik gerem. Hy het teen ongeveer 60 km per uur gery. Tydens kruisondervraging het hy egter toegegee dat hy vinniger kon gery het. Hy was nie ver van die appellante se voertuig af toe hy dit vir die eerste keer waargeneem het nie. Volgens hom was hy oorkant Nedbank toe hy die appellante se aankomende voertuig sien. Geen getuienis is egter aangebied met betrekking tot hoe ver Nedbank van die kruising af geleë was nie. Tydens kruisondervraging het hy toegegee dat hy in die heersende omstandighede nie geregtig was om die spoedgrens te oorskry nie en nie betwis dat die botsing nie sou plaasgevind het indien hy nie so vinnig gery het nie.

[14] Die appellante se weergawe was dat sy voor die botsing in Schröderstraat afgery het. By die kruising het sy gestop en wou regs draai om ‘n U-draai uit te voer. Haar flikkerlig was aangeskakel om haar voorneme om regs te draai te kenne te gee. Sy het ‘n aankomende voertuig opgemerk ongeveer 150 meter van haar af. Gemelde voertuig se hoofligte was aan, maar nie enige ander ligte nie. Sy het ook nie sirenes of ‘n toeter gehoor nie. Toe sy die voertuig sien, was dit volgens haar veilig om die U-draai te maak. Hendriks het haar voertuig op die linkerkant getref en as gevolg van die impak het haar

voertuig drie keer in die rondte getol voordat dit tot stilstand gekom het.

[15] Dit was ook die appellante se onbetwiste weergawe dat sy voorheen dié spesifieke roete vir ‘n tydperk van ongeveer drie jaar daagliks vier tot vyf keer gebruik het en voorheen U-draaie daar uitgevoer het. Sy het dus geweet dat as sy ‘n aankomende voertuig gewaar op die plek waar sy Hendriks se voertuig gewaar het, sy voldoende tyd sou hê om die U-draai met veiligheid uit te voer. Dit was veilig om só ‘n draai uit te voer indien die aankomende voertuig teen die voorgeskrewe spoed van ongeveer 60 km per uur sou gery het. Sy het egter nie verwag dat Hendriks teen ‘n hoër spoed as die voorgeskrewe spoed sou ry en dat sy nie die draai met veiligheid sou kon uitvoer nie.

[16] Teen hierdie feitelike agtergrond het die verhoorhof bevind dat die appellante nalatig was deurdat sy versuim het om ‘n behoorlike uitkyk te hou en dat die redelike persoon, in die posisie van die appellante, sou gewag het tot dit veilig was vir haar om te draai. Die verhoorhof het die appellante se weergawe dat sy wel ‘n behoorlike uitkyk gehou het verwerp.

[17] Adv Eillert, namens die appellante, het betoog dat die appellante se weergawe verkeerdelik verwerp is, dat die verhoorhof misgetas het deur nie die redelike

voorsienbaarheidstoets op die getuienis toe te pas nie en ook nie die faktore, soos gelys in artikel 63(3) van die Wet, in aanmerking geneem het tydens die evaluering van die getuienis nie. Hy het verder aangevoer dat, selfs al word aanvaar dat die appellante ‘n oordeelsfout begaan het, sou die redelike persoon in haar omstandighede ook so ‘n oordeelsfout kon begaan het en was die appellante gevolglik nie nalatig nie.

[18] Meneer Eillert het tydens betoog verwys na drie feitelike mistastings en die foutiewe gevolgtrekkings wat die verhoorhof gemaak het.

18.1 In die afwesigheid van getuienis oor die tyd wat dit sou neem om die draai uit te voer het die geleerde landdros aanvaar dat dit onwaarskynlik was dat die skade op die linkerdeur sou wees as die polisievoertuig 150 meter vanaf die appellante was en dat die polisievoertuig dus nader was as wat die appellante gedink het.

18.2 Die verhoorhof het haar eie kennis van die omgewing, in die afwesigheid van getuienis oor die afstande, gebruik om afleidings te maak oor die afstand wat die polisievoertuig van die kruising af was en op grond daarvan bevind dat Hendriks se weergawe dat hy nader was aan die appellante, meer waarskynlik was.

18.3 Die gevolgtrekking van die verhoorhof dat die appellante nie behoorlike uitkyk gehou het nie is nie gemotiveer in die lig van die getuienis nie. Dit is in stryd met die applikante se getuienis dat sy stilgehou het en die polisievoertuig waargeneem het toe dit ongeveer 150 meter van haar af was.

[19] Adv Barnard, namens die respondent, het met verwysing na **S v Truter**[6] betoog dat die redelike persoon in die omstandighede van die appellante seker sou gemaak het dat dit veilig was om die pad binne te gaan en dat hy/sy voldoende tyd sou hê om dit te doen. Hy het verder aangevoer dat die verhoorhof tereg bevind het dat, op grond van die ligging van die skade aan die appellante se voertuig, die polisievoertuig heelwat nader aan haar was toe sy by die kruising was.

[20] Daar is nie getuienis aangebied tydens die verhoor om die afleidings en bevindinge van die verhoorhof, soos uitgelig deur meneer Eillert, te regverdig nie. Daarbenewens het die verhoorlanddros in haar uitspraak bloot na die appellante se weergawe dat Hendriks teen ongeveer 120 kilometer per uur gery het verwys en bevind dat, selfs sou dit aanvaar word, dit hoogs onwaarskynlik sou wees dat die botsing sou plaasgevind het. Sy het hierdie bevinding, in die afwesigheid van enige deskundige getuienis in hierdie verband, baseer daarop dat die appellante se

---

[6] 1987(1) SA 339 (C) 339 op 341

voertuig ‘n klein voertuig was wat nie eens ‘n minuut sou neem om die draai uit te voer nie.

[21] Ons is tevrede dat die verhoorhof verskeie mistastings begaan het. In die lig daarvan staan dit ons vry om die getuienis opnuut te oorweeg en tot ons eie gevolgtrekking daarop te kom.

[22] Die appellante se getuienis is nie in kruisondervraging afgebreek nie. Haar weergawe dat Hendriks teen ‘n baie hoë spoed gery het strook met die getuienis van die staat se deskundige. Hendriks het ook toegegee dat as hy nie so vinnig gery het nie, die botsing nie sou plaasgevind het nie. Die appellant het die spesifieke roete op ‘n gereelde basis in die verlede gebruik en U-draaie met veiligheid uitgevoer wanneer ‘n aankomende voertuig opgemerk is daar waar sy die polisievoertuig die betrokke nag gewaar het.

[23] Ons is tevrede dat die redelike persoon, in die posisie van die appellante, nie die moontlikheid sou voorsien het dat haar gedrag die botsing kon veroorsaak het nie en ander redelike stappe sou geneem het om te waak daarteen nie. Selfs indien aanvaar word dat die appellante ‘n oordeelsfout begaan het ten aansien van die spoed waarteen die polisievoertuig in aantog was, is ons van oordeel dat die redelike persoon in haar posisie ook so ‘n

oordeelsfout kon gemaak het en dat sy dus nie nalatig was nie.

[24] Ons is tevrede dat die staat nie bo redelike twyfel bewys het dat die appellante haar voertuig op 'n nalatige wyse bestuur het nie. In die lig hiervan moet die appèl slaag.

Gevolglik maak ons die volgende bevel:

**1 DIE APPèL SLAAG.**

**2 DIE SKULDIGBEVINDING EN VONNIS WORD TER SYDE GESTEL.**

______________________
**SL ERASMUS**
**WAARNEMENDE REGTER**

Ek stem saam.

______________________
**CJ OLIVIER**
**REGTER**

| | |
|---|---|
| **Namens Appellante:** | Adv. A. Eillert (iov Elliott, Maris, Wilmans & Hay) |
| **Namens Respondent:** | Adv. T. Barnard (iov DOV) |